

Moenie traag wees om te leer nie

Heb 5:11-6:3

15 Mei 2022

1. Heb 4:14-5:10 – Die Seun is ons groot Hoëpriester. Hy het volmaak voldoen aan al die vereistes om Hoëpriester te kon wees, en het die Bewerker van die ewige saligheid geword.
2. Noodsaak vir onderbreking in beskrywing van die Seun as Hoëpriester:
 - a. Die Seun is Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek (Heb 5:6, 10) – detail beskrywing word uitgestel tot Heb 7:1
 - b. Rede vir onderbreking: dit is moeilik om te verduidelik omdat die lezers traag is om te leer (Heb 5:11)
 - c. Traagheid om te leer word duidelik uit die noodsaak dat hulle weer grondwaarhede geleer moet word (Heb 5:12)
 - d. Woord van God – elders verwys dieselfde Griekse woord na gedeeltes in die Ou Testament (Hand 7:38, Rom 3:2), maar ook wyer na iemand wat preek (1 Pet 4:11) – waarskynlik moet ons al God se woorde hieronder verstaan
3. Wat is die grondwaarhede van die Woord van God? (Heb 5:12, 6:1-2)
 - a. Grondwaarhede = eerste dinge aangaande Christus = fondament vs die volle inhoud van die boodskap (Heb 6:1)
 - b. Hebreërs was reeds lank gelowiges, het reeds vasgestaan in lyding, maar oorweeg om geloof prys te gee (Heb 5:12, 10:32, 35) – skrywer gebruik OT om hulle te oortuig om te volhard
 - c. Grondwaarhede verwys na lering in OT en NT:
 - i. OT bevat die fondament waarop die Christelike geloof gebou is
 - ii. NT beskryf die vervulling in Christus
 - d. Elemente van grondwaarhede:
 - i. Bekering en geloof
 - ii. Dope: waterdoop (Mat 28:19), doop met Heilige Gees (Hand 1:5), doop van Johannes, waskom (Eks 30:18), reinigingsvoorskrifte (Num 19:19), oorgelewerde gebruiken (Mark 7:4-5) – noodsaak om gewas te word
 - iii. Handoplegging: ontvang van Heilige Gees (Hand 8:17), kindertjies (Mat 19:15), siekes (Mark 16:18), sewe diakens (Hand 6:6), Timoteus (1 Tim 4:14) – oordrag/toerekening
 - iv. Opstanding en oordeel
4. Argument van die skrywer: Traagheid om te leer het gevolge: (Heb 5:11-6:3)
 - a. Hulle groei nie
 - b. Hulle verloor die kennis wat hulle gehad het
 - c. Hulle leer nie ander nie
 - d. Ander moet hulle weer dieselfde dinge leer
 - e. Die persone wat hulle weer moet leer, kan nou nie ander leer nie
 - f. Hulle is onervare in geregtigheid
 - g. Hulle het nie insig om te onderskei tussen goed en kwaad nie
5. Toepassings:
 - a. Leer jy persoonlik? Toets jou kennis
 - b. Hoe leer jy? Wat is jou gesindheid as jy leer: traag of entoesiasties?
 - c. Leer jy ander? (1 Tim 3:2, Deut 6:7, Tit 2:3-4, 2 Tim 2:2)
 - d. Hoekom soveel klem op groei in kennis?